PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

Jaargang XXXVI Nommer 21 9 Oktober 1981

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

ASPU

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE PU vir CHO

Bussie 13, Studentesentrum/Bussie 502, Administrasie
Tel 25481, 4267/8, 22112 x 570/1

CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken.

● *Overs onder klippe*

# Skietery by sloot ruk hande uit

**Chaos het verlede week in Over-de-Voor ontstaan toe skietwerk aan nabygeleë rioolwerke hande uitgeruk het. Twaalf motors is beskadig en 'n gat dertig cm in deursnee is in die ontspanningssaal se dak geruk.**

Die skietwerk wat op 'n stuk grond tussen die Weermag en die Universiteit plaasgevind het, was sover vasgestel kon word deur 'n subkontrakteur vir die Stadsraad verrig. Daar is aanvanklik gemeen dat die Weermag verantwoordelik was vir die skietwerk maar by navrae het dit geblyk dat hulle geheel en al onbewus was van enige skietwerk.

'n Opname van die skade is reeds deur verteenwoordigers van die kontrakteurs gedoen om die presiese omvang van die skade te bepaal. Niemand is in die voorval beseer nie maar een student het sy arm en sy selfbeeld skade aangedoen toe hy van skrik in die muur vasgehardloop het.

Die motor van 'n ouer wat vir sy dogter in Karlien gaan kuier het, het ook onder die klippe deurgeloop.

Die hele parkeerterrein was besaai met klippe na die ontploffing. Die skermmatte wat gebruik is om die slag van die ontploffing te demp het skynbaar meegegee onder 'n te sterk lading.



● *Dawie Fourie, voorsitter van Alabama het tydens die groep se laaste optrede van die jaar in die Hennie Bingle Studentesentrum 'n tjek aan die rektor van die Universiteit, prof. Tjaart van der Walt oorhandig as die groep se bydrae tot die George Gibbens Trustfonds. George is die begin van die jaar verlam toe hy tydens 'n ontheffingsaksie vir eerstejaarstudente in 'n m..lderdam gespring het en sedertdien verlam is. Die geld wat oorhandig is verteenwoordig die opbrengs van een van die groep se optredes. (Foto: Johan Victor).*

# Begroting slaan 'n harde hou

— Zelda Nel —

**'n Derde van die SSR begroting vir die termyn 1981/82 val buite die gebruik van die Pukstudent self. Jan van der Walt, die Raadspenningmeester, meen dat hierdie bespiegelbare stand van sake die hoofrede is vir die skrale subsidie waarmee SSR-portefeuljes, Rade, Verenigings en Publikasies in die nuwe termyn sal moet klaarkom.**

Die SSR het R60 000 tot hul beskikking in die nuwe termyn en ongeveer R20 000 daarvan gaan om sake wat die studente nie direk raak nie. Daar is in die vorige termyn onderbegroot wat salarisse en lone betref, en dit veroorsaak dat daar hierdie keer ook voorsiening gemaak moet word om die glips van die verlede uit die weg te ruim. Die begroting vir salarisse en lone beloop hierdie keer die enorme bedrag van R18 000.

Die SSR van die Vaaldriehoektak van die Puk ontvang R2 000 teenoor verlede termyn se R3 000 — juis omdat hulle bewys het dat hulle met die verminderde bedrag kan klaarkom.

**Besnoei**

Nadat die ASB-affiliasiegelde betaal is, sit die SSR dus met minder as R40 000 om aan Rade, Verenigings, ensomeer af te staan. Jan sê dat die volgende faktore telkens by die begrotingsbesluite in ag geneem is: Daar is gekyk na die jaarbeplannings, die begrotings aangevra, dit wat wel bestee is en die jaarverslae. Het 'n Raad of Vereniging dus meer aangevra as wat verbruik is, is daar besnoei op die subsidie vir die nuwe termyn.

Sonder uitsondering moet die absolute minimum hierdie keer die wa deur die drif trek. Geen Raad is onnodiglik benadeel nie. Die SSR het aansienlik op sy eie begroting besnoei sodat elke SSR-lid hierdie termyn met 'n baie kleiner bedrag geld tot sy beskikking sit. In die verlede het die Raad R200 tot hul beskikking gehad vir onthaaldoeleindes. In die vervolg word alle versnaperinge by vergaderings of elders, alle dinees en samekomste — ook die oordragsdinee — uit eie sak betaal.

**Ontspanning**

Hulle moet selfs meer betaal vir hulle SSR-baadjies. Die Raad het reeds drie van hulle voertuie verkoop omdat die instandhoudingskoste te duur is. Op hierdie wyse spaar hulle R3 000 per jaar.

Jan gee goeie redes waarom sekere Rade en verenigings miskien bevoordeel mag voorkom. Ontspanning het, omdat dit tans 'n kwelpunt op die Puk is, begrotingsgewys meer simpatie gekry. Ook het Radio Puk 'n redelike subsidie gekry omdat hulle beplan om na koshuise en eetsale uit te brei.

Tot dusver het daar geen noemenswaardige ontevredenheid onder Puk-Rade, Verenigings en Publikasies ontstaan nie. Dit is dalk 'n goeie teken wat wys dat die studente die benarde posisie waarin die SSR verkeer, verstaan.

Daar word ernstig daaraan gedink om die Universiteit te nader om geldelike ondersteuning vir salarisse en lone. Slaag die SSR hiermee, mag die finansiële posisie van menige Raad en Vereniging op die Puk moontlik meer rooskleurlig lyk.



● *'n Reuse klip het verlede week rimpels op die harmonie in die koshuis gemaak toe dit met 'n geweldige slag deur die dak van hulle ontspanningsaal getrek het. Só lyk die skade wat aangerig is.*

# Ouditorium kry nuwe naam

**Die Raad van die PU het tydens sy laaste vergadering besluit dat die Ouditorium in die Hennie Bingle Studentesentrum voortaan bekend sal staan as die Sanlam-Ouditorium.**

Die Raad het besluit om erkenning te gee aan Sanlam vir die volgehoue steun die afgelope aantal jare. Sanlam het reeds 'n baie lang verbintenis met die Puk en verskeie geboue en ander verbeterings aan die Universiteitskampus is met behulp van Sanlam-skenkings moontlik gemaak.

Die Ouditorium van die Randse Afrikaanse Universiteit staan ook bekend as die Sanlam-ouditorium.

## Binne

Karnaval-indeling ........ p2
Klopster ontevrede ........ p3
Pukstudente lyk volwasse ........ p4
"Excalibur" ........ p6

## Nuuswenke

**Algemene nuus:**
Trudie Scholtz Vergeet-my-nie, Tel. 5211.
**Koshuis/sosiaal:**
Betsie Kilian Wag-'n-Bietjie, Tel. 4277.
**Sport:**
Herman de Villiers, Tel. 3729
**Kuns:**
Marietjie Potgieter, Tel 6668.
**Fotografie:**
Lynn Pretorius. Tel. 4277

**Saktyd**
**Maandag 16h00.**



● 'n Voorstel dat afsonderlike truie gemaak moet word om by baadjies en denims te pas, is deur Frikkie van Niekerk en André Compion op 'n onlangse SSR-vergadering gemaak. Pieter Opperman is die man wat hier so selfvergenoegd in sy kampustrui lyk.

# Gerugte van alle waarheid ontbloot

**Na aanleiding van gerugte oor ontbloting wat op die kampus ontstaan het, het Die Wapad met ons SSR-voorsitter, Frikkie van Niekerk, gesels om te hoor wat die ware toedrag van sake is.**

Frikkie gee aan die dames die versekering dat daar geen aanrandings op die kampus plaasgevind het nie. Wat wel gebeur het, is dat 'n eksibisionis hom aan sommige van die dames blootgestel het. Sekutiteit het die man egter reeds vasgetrek.

Frikkie doen egter 'n beroep op die Puk-manne om hulle hoflikheid na vore te laat kom. Dit gebeur gereeld dat mans toekyk hoe 'n dame alleen in die aand na haar koshuis terugstap.

Hoewel daar geen rede tot kommer is nie, sê Frikkie dat elke dame self genoeg verantwoordelikheid moet hê om te besef dat sy nie in die aand alleen op die kampus moet loop nie.

# Karnaval indeling is geregverdig

**Na aanleiding van gerugte op die kampus dat die koshuisindeling vir karnaval op 'n onregverdige basis geskied en klagtes oor die verkiesing van die karnavalkomitee, het ons met die karnavalvoorsitter — Christo Scholtz — en verskeie van die lede wat op die karnavalkomitee dien, gaan gesels.**

Die koshuisindeling is nie 'n geval waar al die koshuisname deurmekaar gegooi word en twee name getrek word met 'n "Mog het treffe" nie!

## Statistieke

Die koshuisindeling word gemaak met die statistieke van die vorige jare byderhand. Daar word gekyk watter koshuise al saam gebou het en wanneer laas die betrokke koshuis saam met 'n dorpskoshuis gebou het. Op hierdie basis word die koshuise elke jaar geroteer.

Wat die verkiesing van die karnavalkomitee betref; geskied dit soos volg: Die karnavalvoorsitter word aangewys deur die karnavalkomitee van die vorige jaar. Die dagbestuur word saamgestel deur die karnavalvoorsitter. Elke koshuis nomineer mense om op die karnavalkomitee te dien en sodoende ook hul koshuis op die karnavalkomitee te verteenwoordig.

## Komitee

Die genomineerdes word deur die karnavalvoorsitter genader en indien hulle bereid is, dien hulle op die komitee en behartig hulle 'n bepaalde afdeling.

Dit gebeur soms dat van die genomineerdes nie kans sien om op die komitee te dien nie. Die karnavalvoorsitter moet dan verder na bereidwilligers soek om op die komitee te dien.

Volgens 'n verteenwoordiger is hulle tevrede met die aantal dames wat as debutantes ingeskryf het. Van elke debutante word verwag om 'n minimumbedrag van R100,00 in te samel. Om in aanmerking te kom om die motor te wen, moet die betrokke persoon meer as R10 000,00 insamel.



● Ds Schalekamp is voorverlede Sondag as nuwe predikant van die Gereformeerde Gemeente Cachet bevestig. Op die foto is v.l.n.r. Marida, ds. Schalekamp, Henk, mev. Schalekamp, Louisa en Lydia.

# Oorsee vir studie

**'n Hoogleraar in Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aan die Puk prof. Pieter van Eldik, het op 'n studiebesoek van drie-en-'n-half-maande na die Verenigde State vertrek.**

Prof. Van Eldik sal Funksionaalanalise bestudeer aan die California Institute of Technology in Pasadena in die staat Kalifornië.

Prof. Van Eldik het 'n navorsingstoekenning van die WNNR vir dié studie-besoek ontvang en het studieverlof van die Puk. In 1975 het hy 'n jaar lank aan die Universiteit van Leiden in Nederland studeer.

Hy het onlangs 'n week lank opgetree as gasdosent in die Wiskunde en Toegepaste Wiskunde by Tukkies. Tot einde 1980 was hy verbonde aan die Vaalriviertak van die Puk in Vanderbijlpark.

# Krimmels in my Bed

**— Zelda Nel —**

**Dit gebeur elke week. Jy wéns elke periode, elke senutergende akademiese dag om, sodat die naweek in sy volle glorie op die kampus kan neersak. Jy sien uit na iets wat jou sal kans gee om jou maagseer 'n blaaskansie te gee en jou aantekeninge te liaseer.**

Jy gaan al jou agterstallige korrespondensie inhaal en alle ou vriende uit die slote grawe en daardie verrottende bande versterk. Jy gaan la-a-ank en luilekker op die dak lê en soos 'n sondeurweekte Griekse godin uit die aksie tree. Jy gaan verlore slaap inhaal en vir 'n verandering al jou maaltye bybring en stadig kou. Jy gaan daardie novelle wat jy járe terug aangeskaf het, verslind en enige ander iets in boekvorm ignoreer. Jy gaan Saterdagaand die dorp rooiverf en van die naweek iets maak om jou deur die week te dra.

## Reënweer

GMF! Vrydag breek aan sonder uitsondering. Gewoonlik ken 'n mens Vrydae uit deur net te kyk na die weer. In teenstelling met 'n week van Sahara-sonskyn, word Vrydae aangekondig met 'n bulderende lawaai wat op nadere ondersoek 'n donderstorm blyk te wees. Direk hierna begin daardie trietsige reëntjie uitsak wat klokslag Maandagoggend ophou.

Ná klasse wat nog tot diep in die Vrydagmiddag inhap, ploeter jy bedremmeld koshuis toe. Dit is grafstil, want almal doen die aangewese ding vir dié weer: slaap. Die swartgalligheid sit vir jou op jou bed en wag en grynslag wanneer jy die kamer instrompel.

## Lysie

Gedetermineerd om jou nie aan hom oor te gee nie, gryp jy bewerig van koue na die lysie goeters wat jy die naweek moet doen. Jy krap dood; die sonbrandaksie sal vir eers moet bly. Jy twyfel of jy die onheilspellende weer gaan trotseer net om daardie ou vriendin in Tomstraat te besoek. Jy gaan definitief nie daardie hoop aantekeninge probeer liaseer nie, want jou kamermaat sal wakker word en die res van die naweek met 'n wrok teen jou rondloop.

Na vele oorweging lê jy en 'n tevrede swartgalligheid in 'n stewige omhelsing en slaap. Dit help nie om teen die prikkels te skop nie.

Jy word lank ná aandete wakker met 'n dik kop. Die nat weer het sy tol geëis en jy voel redelik mislik. 'n Simpatieke kamermaat jaag jou miskien 'n paar aspirine in voordat sy gaan sleep. Jy word Saterdagoggend wakker gemaak deur jou buurvrou se Verdi en dink vir 'n oomblik dat dit Sondag is. Dié dag sien nog bleker daaruit as die vorige.

## Stadig kou

Jy wend jou weer na jou lysie. Aha! Die ideale tydverdryf vir hierdie tipe weer. Jy begin te midde van die chaos in jou boekrak te soek na daardie novelle. Om en by die derde rak wat jy fynkam, onthou jy dat jy dit aan iemand uitgeleen het en kan om die dood nie onthou aan wie nie.

Met dié dat jy die swartgalligheid met die beste bedoeling by die deur uitskop, maak selfbejammering hom tuis op jou bed. Jy bring 'n ete by vir die eerste keer in 'n lang tyd en word buitendien gedwing om stadig te kou vanweë die stempel op die vleis.

## Flieks

Jy begin planne beraam vir die res van die dag. Jy besluit om te gaan fliek, want Potchefstroom se naglewe maak nie juis voorsiening vir iets anders nie. Jy kom agter dat jy die een fliek reeds twee keer die afgelope maand gesien het en dat die ander een 'n geweldige ouderdomsbeperking het. Saterdagaand drink jy jou dus simpel aan koffie en raak geïrriteerd met jou mede-martelare.

## Kerkskoene

Sondag breek aan en bewys hom gou as fataal vir jou verkrummelende gemoedstoestand. Jy skryf jou beste paar kerkskoene én die Ouditorium se mat af nadat jy deur modderpoele moes sukkel na jou bestemming. Sondagmiddag begin jy 'n brandende begeerte ontwikkel vir Maandagoggend en sonskyn.

Soos alle slegte dinge eindig jou naweek genadiglik wanneer jou wekker 'n nuwe werksweek "herald." Dankie tog, dis Maandag . . . .

**Bult Droogskoonmakers**
(Uitsig Arkade verby Volkskas)
Toon afslagkaart en ontvang afslag

**EV'S PLACE**
"Gee en ontvang van geskenke sal nooit weer dieselfde wees nie"
Kerkstraat 205 (Langs Barclays Bank)
Dié geskenkwinkel in Potch. Studente baie welkom!

● Juwele! Rokke!
● Alles vir die hare!
Wat meer wil julle hê?
Kom kry dit by ons!
Santamarkade
Kerkstraat 91
Tel: 24254



**Curiosity Hut**

**WESVAAL DIAMANTE**
*Verskaffers van juweliersware direk aan die studente teen vervaardigerspryse*
Vervaardig volgens u eie ontwerp indien u so verlang.
Gratis waardasies met elke artikel.
Reparasies en veranderings aan juweliersware.
Ons koop u ou juweliersware.
Frans en Elna Muller
UITSIGARKADE
Verby Volkskas Bank
Tomstraat die Bult
(Langs Bult Droogskoonmakers)
TEL.: 5674

# Klooster ontevrede oor nuwe naam

— Chris van der Walt —

**Die naamtoekenning aan die nuwe dampadkoshuise staan die Kloosterinwoners nie aan nie, sê Carel Potgieter, primarius van Klooster.**

Die Komitee vir Terreine en Geboue is met die naamtoekenning belas. Carel Potgieter en Bert Weenink, onder-prim, het op uitnodiging 'n vergadering van die komitee bygewoon. Hulle het as redes vir die behoud van Klooster aangevoer dat dit baie prakties sal wees, aangesien die koshuis steeds hulle kleure, wapen en sweetpak sal hê. Indien 'n nuwe naam gebruik word, moet dit alles vervang word. Hulle het ook gesê dat die naam Klooster geen unieke konnotasie met 'n Rooms-Katolieke inrigting het nie.

Die voorsitter van die Universiteitsraad, ds. Venter, is egter spesifiek gekant teen die naam Klooster omdat hy voel dat dit nie pas by 'n Protestantse milieu nie. Op Carel se vraag hoe die naam Liberalia by 'n Protestantse milieu pas, is geen definitiewe antwoord aan hom verskaf nie.

Na aanleiding daarvan dat Dampad II as Heimat bekend sal staan, het prof. Fritz Potgieter gesê dat die Puk sonder Heimat ondenkbaar sal wees, terwyl die Puk mèt Klooster ondenkbaar is. Heimat en Uitspan gaan egter nie gesloop word nie. Twee geboue met dieselfde naam mag moontlik verwarring veroorsaak, sê hy.

Volgens Carel is die komitee oningelig in soverre dit koshuisname betref, aangesien hulle die naam Amajuba aan Dampad I wou toeken. Daar bestaan alreeds 'n koshuis met die naam Amajuba.

Die inwoners van Klooster het 'n petisie opgestel waarin gevra word dat die naam Klooster behou moet word. Dit sal aan die komitee voorgelê word.

## *Wapad kom van Groot Trek*

**Al ooit gewonder waar kry ons Pukke se koerant sy naam vandaan?**

In 1942 is 'n kompetisie gehou om 'n naam vir die studentekoerant te kry. Wyle prof. G. van der Vyver is as wenner aangewys met sy wennaam: 'Die Wapad'. Hy het 'n osbeeldjie van gips as prys ontvang. Gedurende hierdie tyd was almal dol na ossewaens as gevolg van die Groot Trek in 1938.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is papier gerantsoeneer en kon 'Die Wapad' nie uitgegee word nie. In 1946 is daar met 'Die Wapad' in alle erns begin.

## Geen kommentaar




# Ontruiming ter wille van Puk-reklame

**Vakansie is met ons binne afsienbare tyd en daarom is die kwessie van kamerontruiming 'n werklikheid soos groen gras in die somer.**

Studente is baie ongelukkig oor hierdie ongerief met byna elke lang vakansie. Ontruiming bring mee dat ouers dubbel moet ry om bagasie huistoe te neem en dan weer terug na die koshuis ná die vakansie. Hierdeur verbeur studente 'n geleentheid per motor, trein of vliegtuig wat soveel goedkoper kon wees.

Mnr. Dirk Coetzee van Koshuisadministrasie sê dat die Universiteitsregulasies bepaal dat koshuise twee vakansies per jaar ontruim moet word om skoongemaak te word. Om privaateiendom te beskerm en te verhoed dat dit wegraak, word studente versoek om te ontruim.

Dit gebeur egter dat tydens die Julie-vakansie kursusgangers en toergroepe in die koshuise gehuisves moet word.

Hiermee kan die Puk addisionele inkomste bekom wat weer gebruik kan word vir koshuisonkoste. Dié fondse bring mee dat studente minder koshuisgeld sal betaal. Gedurende 1980 is R15 000 op dié manier verkry. Dit moet onthou word dat studente NIE vir vakansies betaal nie. Slegs die 260 akademiese dae in 'n jaar word gedek deur losiesgelde.

Mnr. Coetzee sê dat die huisvesting aan gaste gedurende vakansies as reklame vir die Puk dien. Die internasionale en interprovinsiale kursusgangers word bewus gemaak van die Puk. Wanneer die Puk verleë is vir borgskappe is die mense bekend met die Puk en meer bereidwillig om die Puk te ondersteun.

Koshuisadministrasie maak dit ook moontlik dat daar nie volledig ontruim hoef te word nie, omdat kamers opsy geplaas word as stoorplek gedurende vakansies.

## Broekies wil sy dra . . .

**Die toestande voor die Biblioteek is nou wel op die oomblik gunstig vir die dra van Bermudas, Knickerbockers ensovoorts, maar asseblief dames!**

Volgens Frikkie van Niekerk behoort geen dame dit in so 'n affêre van twyfelagtige herkoms te waag voordat sy nie die spieël en die badkamerskaal deeglik geraadpleeg het nie.

As gevolg van die wispelturigheid van Madame Modegier is dit onmoontlik om alle reëls te vervat in die voorkomsregulasies.

Die finale besluit van die SSR is egter dat dames dit as geleentheidsdrag moet beskou en dit nie op die kampus of na klasse mag dra nie.

En dames, dis nie al die manne wat ten gunste van die nuwe gier is nie. Sommige mans sê hulle hou daarvan (die broek of die bene?) Ander se menings wissel egter van "Is die meisies nou simpel!", "horing" en "ag nee sies".

# Etekaartjiestelsel funksioneer

— Annalene de Beer —

**Mnr. Dirk Coetzee van Koshuisadministrasie sê dat die huidige etekaartjiestelsel doeltreffend funksioneer.**

Mnr. Coetzee sê die doel met die etekaartjies is om sluipers uit die eetsaal te hou. Hy sê dat die etekaartjies die dorpstudente wat ten koste van die koshuisstudente in die eetsale eet, tot die minimum beperk.

Daar word 'n nuwe stelsel beoog waarvolgens studente slegs vir die etes sal betaal wat hulle eet. 'n Soortgelyke stelsel is reeds by U.P.E. ingestel, maar dit is na 'n jaar teruggetrek.

Die studente sal vooraf by 'n rekenaar wat in die eetsale gebou gaan word vir hulle etes kan bespreek en slegs die studente wat bespreek het, sal kan gaan eet. Dit is 'n idee wat prakties moontlik is, maar sal misluk indien die studente nie saamwerk en hulle etes kom bespreek nie.

Die nuwe stelsel sal administratief makliker wees omdat die elektroniese rekenaar met 'n optiese leser werk. Dit sal omtrent R25 000 per eetsaal kos om te installeer. Die student sal sy kaartjie by hom dra en dan net in die rekenaar druk waarna hy deurgelaat sal word.

'n Student se etes kos huidiglik R3,64 per dag wat volgens mnr. Coetzee 'n minimale bedrag is.

Mnr. Coetzee sê dat die nuwe stelsel waarskynlik duurder gaan wees vir studente omdat hulle dan vir die etes sal moet betaal wat dit werklik kos.

René Reynecke sê dat die nuwe stelsel eerste vir dagstudente by die studentesentrum ingestel gaan word en later uitgebrei gaan word na die koshuise. Studente sal dan die ete kan bestel wat hulle wil hê en almal hoop dat dit die studente gaan tevrede hou.

THE BLUE STORE
Shop no 56 P.O. Box 285
Pietersen Street Potchefstroom, 2520
Indian Shopping Centre Tel. 6364 / 21861

LEADER IN Fashion
Special offers for the week:

Lee Denim Jeans .................... R11,95
Hang Ten sandals — 6 colours.......... R5,50
Smith & Wesson Shirts in check Short sleeve with studs ............... Now R7,95
Karl Braun Pure new Wool suits 3 Piece....... Now R89,95
Karl Braun Sports Jackets .............. Now R59,95
Wrangler T-shirts ....:.. R5,95

TEL: 21936
11 OWENS LANE
POTCHEFSTROOM
DIENS IS ONS TROTS
Boutique
DRY CLEANERS
DROOGSKOONMAKERS
Eien. Elmina Brits

LB SKOENSENTRUM
Pas ontvang —
Mans en dames Hang Ten en Adidas plakkies
Winkel 6 en 7, Indiërsentrum
Tel: 21541

Spesiale afslag vir studente

KOM OPEN 'N TJEKREKENING


BY VOLKSKAS.
Dis lekker om geld in jou sak te dra, maar dis nie baie veilig nie.
Vir klein en groot bedrae is die aangewese ding 'n tjekboek.
Kom maak vandag nog 'n tjekrekening oop by ons, want 'n Volkskas-tjek sê so 'n ietsie meer van die persoon wat sy naam daarop teken.
Volkskas
BANK SUID-AFRIKAANS.
KMP 8413/a

die WAPAD

## 'n Drastiese besnoeiing

Dat die SSR se drastiese subsidie-besnoeiing nodig was om salarisse en lone weer op datum te bring, is heeltemal duidelik. Maar dié aanpassing moes finansiële steun aan die studentelewe nie geraak het nie, want terwyl salarisse en lone, wat eintlik maar 'n hulp vir die studentelewe behoort te wees, nou op datum is, word die studentelewe sélf nadelig beïnvloed.

Dié besnoeiing kan tot gevolg hê:

- dat die studente hierdeur gedwing sal word om met minder geld en meer inisiatief hulle projekte aan te pak. Hierdeur kan 'n passiewe studentegemeenskap dálk leer om eerder te gee as om net te wil ontvang, óf (en dalk meer waarskynlik)
- dat die standaard van werksverrigting wat tot nou toe gehandhaaf is, baie nadelig beïnvloed gaan word. Hierdie standaard (hoe laag of hoe hoog dit nou ook al is) is grootliks moontlik gemaak deur die finansiële hulp wat ontvang is.

Dit klink pessimisties om laasgenoemde moontlikheid as die mees waarskynlike te sien, maar ons lewe in 'n tyd waar geld sy mag ondubbelsinnig bewys het — waar geld alreeds vele inisiatiewe gedemp het.

## Christelik digkuns?

Christenskap is allesomvattend — 'n lewenswyse. Dit is bitter jammer dat daar in dié verband so min getuienis uitgaan van ons studentedigters.

Hoewel die produkte van ons studentedigters goed vergelyk met ander digters van ons tyd, sou 'n mens tog ook graag die héérlike optimisme van christenskap in ons studentedigkuns wou sien — 'n optimisme wat lynreg staan teenoor die pessimistiese inslag van die hedendaagse digkuns. En 'n christelike optimisme is moontlik in vandag se styl!

HOOFREDAKTEUR: Hansie Vermeulen, Makouvlei, Tel. 22229. NUUSREDAKTEUR: Trudie Scholtz, Vergeet-My-Nie, Tel. 5211. ADMINISTRATIEWE BESTUURDER: Johan Myburg, Tel. 25481.
Boodskappe kan in bussie 13 by die inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.
Tye: Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00
Dins tot Don 13h30 — 16h00



**Lees: Mark 4 : 35 — 41**

**Mark 4 : 41 "Wie is Hy tog, dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is?"**

**Wie en wat is God in jou lewe?**

Praat jy ook soos baie ander maar liewer glad nie oor Hom nie, of wanneer jy van Hom praat noem jy Hom vaag die Albeskikker, die Alwetende, die Hoër Hand? Ook die dissipels van Jesus moes op die see van Galilea rekenskap gee van wie Hy vír elkeen van hulle is. Jesus het die storm op die see gebruik om sy dissipels se geloof te beproef en hulle so nader aan Hom te bring. 'n Natuurstorm om 'n geloofstorm te veroorsaak met die resultaat dat elke dissipel homself moes afvra: Wie is Jesus vir my? Só werk die Here ook in die lewe van elkeen van Sy kinders.

Deur beproewing bring Hy jou nader — Hy werk met jou persoonlik — Hy antwoord nie altyd dadelik as jy na Hom roep nie, maar wanneer Hy optree is dit met krag.

**Sien jy die hand van God in alles wat oor jou kom?**

— 'n Verbreekte sleepverhouding?
— 'n Swak toetspunt na harde werk?
— 'n Verpligte werk op 'n vreemde dorp volgende jaar?
— 'n Oproepinstruksie van die weermag?
— So werk die Here — in die alledaagse, die gewone.

**Wat is ons reaksie hierop?**

Sien ons hierin God se besigwees met my sodat ek nader aan Hom kom, of ervaar ek dit as toevallig, die noodlot, die onvermydelike?

Alleen as jy biddend met God leef, elke dag, elke oomblik sal jy Sy hand kan herken in alles wat oor jou kom en sal jou reaksie wees om vinniger gemeenskap met God te soek, sodat jy Hom sal erken en vrymoedig bely as "My Here en my God".

**Jan Venter**




# Pukstudente lyk tóg volwasse

**Die Pukke is oor die algemeen nog onvolwasse.**



**'n Gevolgtrekking wat gemaak kan word uit die behoeftebepalingsvraelys wat vroeër vanjaar deur die SSR versprei is, is dat die Pukke nog onvolwasse is. Nico Lemmer plaas dié vraagstuk in perspektief.**

Dit is 'n bevinding uit die SSR se behoeftebepalingsvraelys wat vroeër vanjaar versprei is.

Wat beteken die stelling egter eintlik? Geen aanduiding word gegee van wat onder volwassenheid verstaan word nie. Is dit **onvolwassenheid** om klasse te massa voor Intervarsity of studentepret? Is dit **volwassenheid** om gesag te bevraagteken of revolusionêr?

### Karnaval

As motivering vir die stelling word verwys na studente se optrede tydens Karnaval en Intervarsity. Die algemene indruk is een van klasse "afgee", drankmisbruik en molesmakery, byvoorbeeld die studente op die rugbyveld voor die hoofwedstryd. Of die oormaat van aksies waaraan studente deelneem terwyl hulle nie werklik daarvoor tyd het nie. Studente sien ook nie kans om sterk standpunt in te neem teen verkeerde of hinderlike gesagsinstellings nie, maar brom net onder mekaar.

Om volwasse te wees is om verantwoordelikheid te kan aanvaar en verantwoordelik op te tree. Dit is om self gesag te aanvaar en te handhaaf; om 'n beginselvaste mening te hê, maar ook deur sinvolle argumente oortuig te kan word; om jou eie goeie en swak eienskappe te ken; en begrip en waardering te hê vir ander s'n.

### Maatstawwe

Maatstawwe vir volwassenheid is: Leefwyse, handelswyse, motiewe, gesindheid en (die belangrikste) nederigheid en roepingsaanvaarding. Kyk dus hoe 'n persoon hom onder druk of versoeking gedra.

Hoe volwasse is die Pukstudente dan werklik? Met Intervarsity word 'n mens se verleentheid oor die belhamels se gedrag ver oortref deur die trots om deel te kan wees van die baie, baie groter massa op die pawiljoen. Puk se studenteleiers is bekend vir hul prinsipiële denke en standvastige optrede, en die Puk-massa kies hulle. Om dus sommer te sê Pukke is onvolwasse laat twee dinge buite rekening: Droogmakers staan uit omdat hulle droogmaak en studente is mense wat in 'n oorgangstadium van skoolkinders na volwassenes in 'n beroep is. Gesonde studentepret is enersyds 'n kenmerk van volwassenheid en gee andersyds niemand aanstoot nie. Daarom kom dit nie so sterk onder die aandag as molesmakery nie.

### Simptome

Daar is twee werklik groot simptome van onvolwassenheid onder Puk-studente: Hulle wil nie hul gewig ingooi by 'n aksie wat nie direkte voordeel vir hulle inhou nie, en baie min het die moed van hul oortuiging om onderlinge sensuur toe te pas en belhamels by oriëntering, Karnaval en Intervarsity reg te sien. Oor die algemeen gesien toon die Pukmassa egter 'n gesonde ontwikkeling in volwassenheid tydens hul studiejare.

# *Selfstudie is uitvoerbaar*

— **Werner van Rensburg** —

**Wat is dit om 'n student te wees? Beteken dit dat jy in 'n lokaal moet gaan sit waar al die inligting nét so uit die voorgeskrewe boek vir jou oorvertel word? Alle studente kan lees . . . hoop so! Waarom word 'n dosent dan so duur betaal om vír ons te lees?**

In party fakulteite is dit net nie moontlik om van die voorgeskrewe werk af te dwaal nie. Dit is óók so dat studente soms soos papegaaie inligting gevoer word, wat daartoe lei dat die student nie weet wat die woord 'selfstudie' beteken nie. Waarvoor word daar moeite gedoen om diktate uit te gee, as dit dan nie is vir addisionele inligting nie? Aandag moet eerder toegespits word op navorsing, as op die afneem van aantekeninge.

Dit is wél ook so dat 'n dosent nie pertinent mag dikteer nie, maar dat die student **SELFSTANDIG** die nodige aantekeninge moet afneem. Die groot struikelblok is egter die student sélf. Hoeveel studente is daar werklik wat ná 'n lesing in die Ferdinand Postma Biblioteekgebou gaan navorsing doen?

Prakties is selfstudie heeltemal uitvoerbaar. Die student draf steeds klas, maar behalwe vir die inligting wat die dosent verskaf, samel die student self inligting in. Sal dit nie 'n heerlike gevoel wees om te sê: "Ek het dié werk sélf gedoen!" Natuurlik sal daar diegene wees wat dit sal verkies om soos 'n skoolkind voorgesê te word . . .

# Brille en lense




— **Landa Oelofse** —

Indien jy moeilikheid met jou oë ondervind, raadpleeg die oogarts of oogkundige. Die doel van 'n bril en kontaklense is om onskerp oë weer skerp te laat sien. Met die uitsondering van skeelheid by jonger kinders, genees hulle nie oogkwale nie.

Moenie 'n bril koop wat jy nie regtig nodig het nie. Dit is nodig om jou oë elke tweede of derde jaar te laat hertoets vir 'n bril. Indien jou sportsoort of werk kan veroorsaak dat jou bril kan breek, raadpleeg die oogarts vir die geskikste hulpmiddel in jou geval. Hou jou bril in 'n harde brilhuisie wanneer jy dit nie gebruik nie.

Indien jy skielik of geleidelik gevoelig raak vir lig, raadpleeg jou oogarts. Enige brilraam wat goed saamgevoeg is, is bevredigend, mits dit jou gemaklik en sekuur pas, sodat die optiese middelpunte van die lense reg oorkant die pupille is.




**Bussie 13**
**Studenteraad**

**DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.**

# Van der Linde begryp 'non' nie

**Meneer**

In antwoord op die brief van P.G. van der Linde in "Die Wapad" van 2 Oktober:

Dit was met verbasing en 'n tikkie meegevoel wat ek P.G. van der Linde se brief in Die Wapad van 2 Oktober gelees het. Meegevoel omdat, as hy alle gedigte interpreteer soos hy myne geïnterpreteer het, hy min hoop het om wyer begrippe rondom die elementêr-bekende dinge rondom hom te verstaan, en wat mis hy dan nie hierdeur nie? Verbaas, omdat ek 'n bespotting van 'n non en boweal van God sou gemaak het.

Mnr Van der Linde weet duidelik nie waarvan hy praat nie, en hy weerspreek homself meer as een maal, byvoorbeeld waar hy sê: "Is niks meer heilig en onaantasbaar nie?" Wat bedoel hy hiermee, en in elk geval: Wat is heilig en onaantasbaar? Het hy miskien die eerste reël in Non misgekyk? (Sy is heilig en onbevlek") Ook "wat so intens besig is om in alles wat mislik is . . ." Dit is juis om in hierdie mislikheid "rond te ploeter" wat ons "digters" in staat stel om die "baie skoonheid" in die lewe raak te sien. Wil Van der Linde nie maar 'n bietjie objektief wees en die mislikheid van naderby beskou nie, of is hy bang hy ontdek dalk iets moois daarin?

Analoog hieraan kom Van der Linde se onvermoë om te onderskei duidelik na vore in sy woorde "baie skoonheid". Dit is baie maklik om jouself gebonde te hou aan die romantiese idee van die mooi in die lewe, maar dan self geen benul te hê waaroor dit gaan nie. Basies en fundamenteel kan enigiets mooi wees, en die taak lê by die waarnemer (digter?) om uitsluitsel hieroor te gee ten opsigte van die funksionaliteit van die "mooi" en, let wel, sy persoonlike mening hoef nie noodwendig hierby betrokke te wees nie. Moontlik gee A.G. Visser se werke vir mense soos Van der Linde en Gerda 'n knusse gevoel van patriotisme en meheorigheid. Maar sedert sy tyd het baie dinge verander en die volk moet noodwendig aanpas by die nuwe sosiale en maatskaplike toestande.

Van der Linde en Gerda veroorsaak gevolglik 'n stremming op literêre gebied deur steeds vas te klou aan die boer-en-sy-roer en vlegsels en gestyfde kappiesbeeld. Wie sê A.G. Visser sou dieselfde gedigte geskryf het as hy vandag geleef het?

Ter illustrasie van my gedig wil ek net sê dat N.P. van Wyk Louw self gesê het dat mense wat so diep in 'n gedig delf dat hulle elemente daaruit haal wat die digter nooit self bedoel het nie, nie werklik kritici is nie. Van der Linde egter, gaan so ver as om kommentaar te lewer oor die digters se gestelike toestand. Hy het dinge opgehaal wat glad nie in "Non" staan nie, dus kan ek met beslistheid sê "Non" is nie pornografie-suggesties nie en maak ook nie 'n bespotting van óf 'n non óf van God nie.

Van der Linde se kritiek sou eerder toepaslik wees op Dan Roodt se "Sonneskyn en Chevrolet". 'n Bietjie praktiese raad: kyk verby die "spinnerakke" en gee ook opbouende kritiek om die baie talentvolle digters van LENS '81 aan te moedig.

**Rinie Schutte**

# Van Aswegen verabsoluteer die rede

**Meneer**

Na aanleiding van mnr. Victor van Aswegen se antwoordbrief in die Wapad van 2 Oktober, net die volgende:

Mnr. Van Aswegen stel dat sy standpunt juis is "dat niks verabsoluteer moet word nie." Tog bly ek van mening dat as jy sy eerste brief indringend lees, dit duidelik word dat hy met twyfel, vraag, kritiek en sodoende ook die rede, verabsoluterend te werk gaan. Hoewel hy in sy eerste brief stel dat "ons moet ophou antwoord gee", erken hy darem in sy tweede brief die "moontlikheid en geldigheid van antwoorde". Hieroor is ek dankbaar.

Mnr Van Aswegen se beoënheid oor etikettering deel ek heelhartig met hom. Die brief van "Met permissie gesê" (in Die Wapad, 25 September) is 'n goeie voorbeeld van die soort drogredenasies waar jy die persoon doodgooi as jy nie sy standpunt verkeerd kan bewys nie.

Omdat mnr. Van Aswegen stel dat my stelling dat, deur alles te bevraagteken, daar niks vir die mens oorbly nie, vaag ensovoorts is, verwys ek hom na Adorno wat, nadat hy alles bevraagteken het, by die slotsom uitgekom het dat die enigste positiewe ding wat nog vir die mens oorbly, is om die handdoek in te gooi. In dieselfde trant konkludeer Heidegger dat die mens "bestem tot die dood" is. As mnr. Van Aswegen eerlik voortgaan op sy denkpad dat "ALLE waarhede" relatief is (is dit nie 'n verabsolutering nie?) sal hy by 'n soortgelyke pessimistiese konklusie moet uitkom, wat ek hom regtig nie kon toewens nie. Die dag as hy agterkom dat sy utopistiesgewensde Monomotapa, die goue stad, nie bestaan nie, sal hy ook soos Sartre soos "'n gat in die niks" voel.

Victor, ek hoop van harte dat jy eendag dieselfde genotvolle oomblik sal ondervind as wat ek 'n tyd gelede ondervind het, toe ek die eerste keer werklik ingesien het dat Calvinisme (nie absoluterend, maar aanduidend bedoel) werklik die oopste denkrigting is, omdat die mens nie iets in die skepping hoef te verabsoluteer nie (soos bv. die menslike rede of twyfel, of 'n utopistiese stad nie), maar van God kan uitgaan. Hy is tog die ware Skepper van die skepping. Dis tog verkeerd om 'n voëlnessie sonder 'n voël te verstaan en te beskryf.

**Henk Stoker**

*Hiermee word alle briefwisseling oor hierdie onderwerp afgesluit — Red.*

# Aftakeling is nie Christelik

**Meneer**

Na aanleiding van Mnr. P.G. van der Linde se brief in "Die Wapad" van 2 Oktober onder die opskrif "Titellose wengedig is geen kuns" net die volgende:

Hoewel dit duidelik blyk dat mnr Van der Linde baie min insig het in dit waaroor hy skryf, wil ek nie daaroor uitbrei nie. Wat veel belangriker is, is dit: mnr Van der Linde skryf onder die vaandel van "skoonheid in die lewe" maar die manier waarop hy dit doen, laat mens wonder . . . Sy brief is in die geheel een beledigende, lasterlike en persoonlike aftakeling (sonder motivering van wat hy selfs byvoorbeeld onder "kuns" verstaan). Is dit christelik mooi, mnr Van der Linde? Ek meen dat ons christene dit anders doen . . .

**Ansie**

# *Gerda vang Medestryders met slap riem*

**Meneer**

Ek rig my tot Rudolph Willemse alias Gerda of beter bekend as Die Omkrapper van Studentegemoedere. Geluk aan die Driemanskap! Julle het ons met 'n slappe gevang.

My gekrenkte ego dwing my egter om myself 'n wyle te verdedig. Ek was die Maandagaand, 21 September, in die Wapad se kantoor en het beginne wonner oor Gerda se brief. Vra toe sommer so in die algemeen aan die redaksielede teenwoordig of dit nie dalk 'n grap is nie. Een redaksielid sê toe aan my dit kón 'n grap gewees het. Arme man het seker ook nie besef wie Gerda is nie.

Ek dink die volgende sketse is 'n pragtige weergawe van Gerda en Medestryders se gevoel oor LENS '81.

Ns. P.G. van der Linde en Deon van Huizen moet asb. nie gekrenk en gekronke voel as ek hulle Medestryders noem nie!

**C.F. Schoeman**




Uit MAD, nr. 180 van Januarie 1976

**VASBYT** Deur Keith Stevens ©



„Aag, jis, korp., 'n honderd ‚push-ups'! Hoe moet ek geweet het Gerda is jou meisie toe ek haar met my laaste pas uitgevat het".

Uit Beeld, Saterdag 3 Oktober 1981

# Verskoning vir laster

**Meneer**

Hiermee vra ek om verskoning vir moontlike lasterlike verwysings in my brief in Die Wapad van 2 Oktober 1981.

**P G van der Linde**

● *Die Wapad bied ook verskoning aan vir die publikasie van bogenoemde brief — Red.*


Tina Schöltz

**Skoonheidsterapeut en Grimeerkunstenares.**



Arkade Apteek, Edgars Gebou,
Tel.: Werk: 8543 — Woning: 6523
Kerkstraat, Potchefstroom

*We give free consultations on all skin and figure problems*



# PUKKE

Ons bied 'n aantal fantastiese deeltydse poste vir blanke jong mans en dames (tussen 18 en 23) wat daarvan hou om met mense te werk en onmiddellik diens kan aanvaar.
Hierdie poste sluit in die geleentheid om dwarsdeur die Republiek te reis en is meer in die aard van 'n vakansie as werk.
Geniet 'n prettige 6 weke en verdien meer as 'n duisend rand, indien u ons vereistes nakom.
Moenie hierdie geleentheid misloop nie.
**SKAKEL: Marius by (011) 23-7613.**

KUNS EN VERMAAK



● 'n Toneeltjie uit 'Demo '81' tydens 'n repitisie. Moenie vergeet om plek te bespreek vir hierdie program wat op 16 en 17 Oktober in die Ouditorium aangebied word nie.

# Spaanse dans nie net 'n geklap

— Ann Fellows —

**Spaanse danse is jare gelede deur Mercedes Molina in Suid-Afrika bekend gestel. Later het Enrique Segovia en Louisa Cortes haar dansmaats geword.**

Spaanse dans is nie slegs 'n gestamp en 'n geklap van kastanjette nie. Dit behels baie balletwerk. Dit is 'n baie interessante dansvorm wat drie verskillende tipes omvat: klassieke danse, streekdanse uit die provinsies, asook gewilde flamenkodanse.

Spanje ingesluit, is Suid-Afrika se standaard vir Spaanse dans die hoogste in die wêreld. Sommige van die bobaasdansers in die Madridse geselskap is van Suid-Afrikaanse oorsprong.

Nog 'n danstipe wat ingesluit is is in die Demo '81-program, is Jazz.

Jazz-dans en Jazz-musiek het in Amerika ontstaan. Die swart slawe was verbied om hul tradisionele dans en Afrikadrom te gebruik. Hulle moes toe iets in die plek daarvan uitdink. Hulle het toe hulle hande geklap en hulle stem gebruik om ritme aan te dui.

Die Jazz-tegniek is 'n kombinasie van die Afrikadans, Amerikaanse Moderndans en Klassieke Europese ballet. Dit is 'n samesmelting van die verskillende style en word nou geïdentifiseer as 'n tegniek op sy eie.

Die Jazz-klas beoog om die soepelheid van die liggaam te versterk en 'n goeie sin vir ritme op te bou. Tydens die klas is daar oefeninge wat gedoen word om elke deel van die liggaam onafhanklik te kan beweeg. Hierdie oefeninge word die Isolasie-oefeninge genoem. Die danser oefen om haar ribbe, kop en skouers te kan isoleer.

Vloeroefeninge werk aan die uitstrekking van die bene, kontrole van die rug en die versterking van die onderbuikspiere.

Elevasie-oefeninge en die oefening van draaie volg dan. Die finale deel van die klas is die jazz roetine wat dan die verskillende oefeninge kombineer.

Die dansklas is op die professionele danser wat in die musikale teater, film- en televisie-wêreld is, toegespits, hoewel dit vandag baie populêr is onder die nie-professionele danser, omdat dit 'n aangename manier is om fiks te bly en om die liggaam soepel te hou.

# Kultuurraad bied Krugerdag

**Op 10 Oktober bied Potchefstroom se Afrikaner-kultuurraad 'n Krugerdagprogram aan.**

Die verrigtinge begin om 08h00 met 'n kranslegging by die Gedenktuin in Vyfhoek. Om 09h00 volg die vlaghysing en opening by die Voortrekkerterrein (inloop Potchdam). Die geleentheidspreker is mnr P.J. Erasmus en samesang, voordrag, vertelling (Paul Smith) en vlagstryking vorm die res van die program. Almal wat die funksie bywoon, word versoek om 'n stoel en beker saam te bring. Die program behoort teen etenstyd afgehandel te wees.

● Resensie

# "Excalibur" is gebaseer op 'n eeu-oue legende

— Matt Matthee —

**Excalibur (Brittanje) '81 — John Boorman (Deliverance) Gebaseer op die populêre antieke 15de eeuse legende van Thomas Matory.**

Ieder en elk ken die verhaal van Arthur en sy ridders by die ronde tafel in die Camelot paleis. Die toneel is Engeland, die vyfde eeu. Onwettige, bloedige en letterlik vurige feodale oorloë is aan die orde van die dag. Dis die tyd van die opkoms van die geliefde Koning Arthur. Hy wat bestem was om die towerswaard, Excalibur uit die klip te trek, — hy wat deur sy eie seun van smarte nog deurboor sal word en met sy laaste aardse krag laasgenoemde ook sal doodmaak.

Diegene na aan Boorman meen dat die pragtige ou legende lank reeds in sy vorige rolprente deurgeskemer het. Hy het wel die idee jare lank vertroetel en nou sien ons die produk daarvan. Die rolprent is geskiet in die ongelooflike lowergroen akkerwoude van Ierland. Geen moeite is ontsien om dit 'n baie besondere rolprent te maak nie. Veral tegnies is dit 'n belewenis en veral hier, die beligting. Die Kritici is dit eens, en ek skaar my heelhartig by hulle, dat Excalibur "lig" is. In sommige tonele is die lig 'n oorspronglose, amper vloeistofagtige glimmering en dan weer so hard en suiwer soos 'n pêrel.

Dit is deurentyds aanwesig en amper tasbaar. Meesterlik gedoen.

Boorman het hom egter nie net by die tegniese uitgeleef nie. Sy karakters is ook warm, menslik ingeklee. Hier wil ek graag uitsonder die sentrale karakter, die ou staatmaker Nicol Williamson, as Merlin die Koning se persoonlike towenaar cum raadgewer. Sy raad en sègoed is skreeusnaaks en sy metodes wel onortodoks genoeg — sy towerkunsies werk ook nie altyd so goed nie ... 'n Briljante vertolking.

Verder bestaan die span uit onbekendes wat almal baie geloofwaardig in hulle rolle is en veral in die besondere milieu inpas. Hulle slaag in die moeilike taak om primitiewe drange en 'n eenvoudige sin vir waardes aanvaarbaar te maak vir ons hedendaagse standaarde.

Boorman het 'n deurforsende studie van die tydperk gemaak en hier voel ek dat hy soms te veel mitologiese detail in die twee-en-'n-half uur speeltyd ingepers het. Daar is genoeg materiaal vir twee rolprente. Verder voel ek ook dat hy sy regisseurshand te swaar op die geskrewe teks gehou het, dat hy dit te goed wou "oorbring". Dit kan hom egter vergewe word want Boorman het jou desnieteenstaande vasgevang.

Excalibur is nou te sien regoor die land en is beslis 'n moet vir elke romantikus.

CHARLENE LE RICHE

Beauty Clinic/Skoonheidskliniek

Cidesco, S.A.I.H.B.Th

LEWIS ARCADE,
KERKSTREET,
POTCHEFSTROOM

TEL.: 5581

C Le R

**BEHANDELINGS**

- *Velbehandeling
- *Franse velafskilfering
- *Verjonging en serumbehandeling
- *Spesiale koringkiemmasker
- *Verjongde H.T. masker
- *Velanalise en grimering
- *Kleuring van wenkbroue en oogwimpers
- *Manikuur
- *Pedikuur
- *Verwydering van gesigs- en beenhare
- *G 5 verslankingsmasjien

**GRIMERING**

- *Grimering
- *Bruidsgrimering
- *Gewone dag en aandgrimering
- *Fotografies
- *Modelgrimering
- *Korrektiewe grimering
- *Disco
- *Fantasie
- *Kamoefleer
- *Verhoog en TV
- *Futuristies

***ONS BIED SPESIALE TARIEWE VIR STUDENTE**

'n Jaarlange kursus in skoonheidsterapie neem binnekort 'n aanvang. **Skakel 5581 om 'n afspraak vir 'n onderhoud te reël.**

Koshuistradisies

# Oosterhof net die plek om troukoors te breek

**Die Oosterhofdames roem daarop dat die Puk-manne aan die anderkant van die spoor sleep, maar sodra die troukoors hard begin praat bevind die manne hulle in Oosterhof. 'n Mens wonder of die skoonheidslapie wat die dames Sondaemiddae inpas, iets daarmee te doen het?**

Volgens tradisie mag die interkomstelsel nie tussen half twee en vieruur op 'n Sondagmiddag gebruik word nie. Die ou dames rus en die eerstejaartjies bly viets deur te hardloop en self die dames op te klop vir telefoon of voordeur. Klaarblyklik verkies die seniors dat die eerstejaar op diens maar kaalvoet moet wees — alles werk mee om die skoonheidslapie so doeltreffend as moontlik te laat verloop.

## Oriëntering

Oosterhof se dore word nog altyd baie beskaafd georiënteer aangesien die inwoners hulle self graag dames noem en ook so optree. Die dore se oordromme word dus heelwat gespaar omdat daar nie so vreeslik op hulle gegil en geskree word nie.

Heelwat tradisies raak in hierdie oriënteringstydperk gevestig. Jaar na jaar het 'n mens die donkerblou-geklede dore met geverfde sproete opgemerk. Die wasgoedpennetjie op die skouer was ook kenmerkend. Dit is nuus dat dit al die tyd 'n troeteldiertjie was. Elke door moes 'n dagboek aanhou waarin die diertjie sy door se lydingstyd moes verewig op skrif. Dis ook 'n instelling dat die dore nie die koshuis mag binnekom sonder om die statige gebou nederig te groet nie.

## Klereparade

Daar word jaarliks 'n "Fancy" of "Funny Dress" aangebied. Elke dame gee haar verbeelding vrye teuels en die skeppings wat daar ontstaan is glo rariteite. Met die klere aan, gaan die inwoners op 'n safari-ete. Hulle begin buite op die grasperk en reis deur die hele koshuis met lang tussenposes, waartydens elke gang 'n sekere gereg aanbied.

Talentaand bied geleentheid vir die sluimerende talentvolles. Dit word in die koshuis gehou met 'n gesellígheid. Oosternooi is die jaarlikse koshuisblad en onderlinge aksies word gereël om die gang se gees reg te hou. Veral met sokkerwedstryde loop die gevoelens hoog!

## Koshuisdinee

Tradisioneel mag die eerstejaars nie dinee toe gaan nie. Hulle moet die seniors vir oulaas bedien. Na die jare se jaarlikse gebrommery dat hulle nie kan gaan nie, trek hulle almal aan om by die tema te pas en is dit die groot regmaak-okkasie van die jaar.

Voor die dinee word die vierkant deeglik benut wanneer die Oosterhofdames sonbrand net soos hulle susterskoshuis langsaan.

Tydens die dinee word daar onder andere 'n Oosternooi aangewys. Ook 'n toekenning, wat nie baie vleiend klink nie, maar baie hard voor gewerk word, naamlik die Akademiese Wrak, word aangewys.

# Studentepret met: Bert Sorgdrager

— Betsie Kilian —



**Sedert Bert Sorgdrager een Sondagmiddag met 'n denim by 'n dameskoshuis opgedaag het, is hy 'n alombekende figuur op die kampus. Min studente het nog nie daardie kenmerkende skoene-op-die-tafel-lekker-agteroor-op-die-stoel-houding raakgesien nie, want Bert ondersteun die tafels en stoele wat buite die Studentesentrum in die son staan, geesdriftig.**

Bert was ook op die SSR, waar sy portefeulje onder andere Ontspanning en Intervarsity ingesluit het. Hy moes ook die Lentefees reël en Jan-Louis was baie besorgd oor die verkiesing van die Lentenooi. Op een vergadering het hy dit knaend op Bert se hart gedruk dat die nooi se persoonlikheid die deurslaggewende rol moet speel, aangesien hy bang was dat daar te veel klem op die voorkoms gelê word.

## Inlywing

Die nuwe SSR-lede word jaarliks by Boskopdam ingelyf. Terwyl die nuwe lede 'n vuur maak, roep die ou lede hulle waar hulle in die donker wag. Met 'n rugbytrui oor die kop moet die nuwe lede buk en word dan een-een ingelyf met die Raadgewer — 'n lang en breë leergordel. Elke ou lid kry 'n beurt, maar voordat die hou gegee word, word die toediener se naam genoem. Volgens Bert is dit hoogs onwaarskynlik dat die regte name by die ooreenstemmende hou genoem word, omdat Magdel van der Walt — een van die dames wat toe op die SSR was — hom die hardste geslaan het!

Daarna volg 'n lekker swem in adamsgewaad in die rivier, ten spyte van die bibberende Augustus-weer. Om die inlywingsproses te voltooi en in die geheue te graveer, staan al die nuwe SSR-lede natuurlik die volgende oggend met 'n swaar verkoue op.

## Intervarsity

Met die Kovsie-Intervarsity in sy tweede jaar het 'n klomp van hulle al die Donderdag afgesit Bloemfontein toe, om op die gholfbaan te oefen sodat hulle Saterdag se wedstryd oortuigend kan wen. Hulle het egter 'n fout gemaak, want die Kovsies beskou dit as 'n gruwelike oortreding indien enige Pukke voor Donderdagnag hulle opwagting maak. Die Pukke is dus sonder veel seremonie gevang en die hare is kaalkop afgeskeer. Om die vernedering groter te maak, is die gholf ook nog op 'n ander baan gespeel en was die oefening onnodig. Terug op Puk het die dapperes gesorg dat almal hulle raaksien deur swart mussies te dra.

Bert is 'n finalejaar LLB-student en sê dat vir hom as student, Hk-lid, twee keer Prim van Villagers en SSR-lid, dit "lekker op die Puk is", nieteenstaande veelbewoë en -besproke dae. Daar is egter een ding wat hom teen die bors stuit en dit is dat die Afrikaner-student te min werklike gesag het. Al staan 'n student binne 'n gesagsposisie, is daar maar 'n "klein kassie waarbinne jy moet rondspring". Die Engelse studente leer om baie meer verantwoordelikhede te hanteer, terwyl die Afrikaner-student nooit die kans kry om werklik verantwoordelik vir 'n saak te wees nie. Volgens Bert het die Afrikaner-student 'n agterstand op hierdie gebied wanneer hulle die dag die universiteit verlaat.

## "Succers" moes knie buig

**Die jaarlikse krieketdag tussen die P.A. S.V. se "Syndol swingers" en Mei National se "Cepacol Succers" het op 3 Oktober plaasgevind. Die "Cepacol Succers" moes egter die knie buig voor die span van die Puk, wat bestaan het uit dosente en finalejaar studente.**

Dr. Tiedt is aangewys as die beste paaltjiewagter, mnr Muller as die beste kolwer, Bartjies Barthuizen as die beste loverboy, Ferdie van Zyl as die beste bouler en die sportman van die dag was prof. Dreyer.

Prof. van Wyk was die beste gooier aangesien sy boulwerk meer na gooiwerk gelyk het. Norman de Villiers is aangewys as die beste "dropper" omdat hy nie sy handjie by hom gehad het nie.

Die dag se verrigtinge is afgerond met 'n braaivleis.

# Kultuurraad sal indringende aandag geniet

**Die struktuur van Kultuurraad sal in hierdie termyn indringende aandag geniet. Veral probleme met toerliggame en die ontspaningskomitee sal aandag geniet. Die moontlikheid om die Raad in 'n ligte en 'n ernstige deel te verdeel, sal onder die vergrootglas kom.**

Daar sal weekliks 'n dagbestuursvergadering gehou word, en deur die jaar ses Raadsvergaderings. Met behulp van die voog-stelsel sal gedurig met verenigings kontak gehou word en aan hulle hulp verleen word. Daar sal gepoog word om nuwe verenigings te stig waar 'n behoefte blyk te wees. Daar sal ook deur die onderskeie verenigings hulp verleen word aan die Riviervpukke om by hulle soortgelyke verenigings te stig en saam aksies aan te bied.

## Sangbundel

Die uitgee van 'n tradisionele sangbundel wat vir Sêrkompetisies en toere gebruik word, en liedjiepapiere op Intervarsities word onder andere beplan. Optredes van kunstenaars sal in die Ouditorium gereël word. Die wenslikheid van optredes in die amfiteater sal ondersoek word.

Verskilende moontlikhede van kultuurbevordering sal ondersoek word. Hier dink hulle onder andere aan dinge soos kultuurbesprekingstukke in die Wapad, vlaghysings, slagspreuke en gedigte, kompetisies, ensovoorts, asook nadere kontak met ander kultuurliggame soos die FAK, ASB, Rapportryers en Potchefstroomse Kultuurraad. Saam met die lid vir ontspanning op die SSR sal daar ook aandag gegee word aan die ontspanningsbehoeftes van die studente. Ook sal probeer word om die dosente hierby in te skakel.

OUDIT-PERSONEEL
Ons het vakatures by ons Nelspruit-kantoor vir junior- en senior personeel.
Ons bied:
- 'n kans om u eie toekoms te skep
- opleiding en ondervinding oor 'n wye terrein
- ruim eksamen-bonusse en studie verlof
- persoonlike belangstelling in u vordering
- mededingende salaris
- gebruiklike byvoordele

Skakel gerus met —
Mnr Müller,
Wegner, Maritz, Müller en Grobler,
Posbus 358
Nelspruit 1200
Telefoon 01311 — 23291

NUWE JETTA



Die ruim nuwe VW Jetta het geland.
Met 'n spoggrootte 520 dm³ bagasiebak. 'n Ruim kajuit met nuwe standaarde van swierige binnekenmerke:
'n Omvattend toegeruste paneelbord met toereteller en syferhorlosie (GLS-modelle). Getinte voorruit. Pluispooltapyte kleuraangepas by ingevoerde veloermateriaalbekleedsel. En 'n verhitte agtervenster (GLS).
Beskikbaar in GL 4-spoed-handrat, GLS 5-spoed-handrat, GLS outomaties.
As u dus 'n motor wil loods met so 'n pragvoorkoms dat dit net deur sy indrukwekkende standaarde van ingenieurswese en ruimte oortref word....

RUIMTETUIG

Harold's Volkswagen
Kerkstraat 220
Potchefstroom
Tel: 4261

Vlieg Metta Jetta
VW JETTA
J408




# Het sport op Puk bevorder

**Christo Scholtz en Danie Malan het die toekenning gedeel vir die studente wat die meeste gedoen het vir Puksport. Hulle het diė toekenning ontvang tydens die jaarlikse sportdinee.**

Christo Scholtz was die SSR-lid vir sport asook ondervoorsitter van die Sportraad en ondervoorsitter van die Koshuissportraad. Danie Malan was voorsitter van die Sportraad.

As lede van die Sportraad het hulle 'n groot aandeel gehad in die diepte-ondersoek ten opsigte van sport en sportdeelname op die kampus. In samewerking met mnr. Piet Brand het hulle ook 'n groot aandeel gehad aan die Intervarsityreëlings van 1981.

Hulle het ook vanjaar die sportraad se posisie ten opsigte van die Sportburo duidelik uitgelig na samesprekings met Prof. Johan Claassen. Dit het die verhouding tussen die twee liggaame baie verbeter, wat tot beter samewerking gelei het.

Christo en Danie begin met die herkategorisering van sport vir 1981, wat bygedra het tot die groei van klubs. Die sportregistrasie wat hulle aan die einde van 1980 deurgevoer het, het sport nie net goedkoper gemaak vir studente nie, maar party klubs het tot 300 persent gegroei.

Hulle het ook vanjaar met die positiewe verslaggewing van klubs begin met die samewerking van Die Wapad. Hulle het ook sport gereklameer oor Radio Puk. Danie en Christo was die eerste twee persone wat begin het met 'n sportbekendstelling tydens die oriëntering. Die begrotings van klubs is met hulle samewerking opgestel en sodoende is voorsiening gemaak vir kleiner klubs om beter fasiliteite en afrigting te bekom.

Die grootste mylpaal wat vanjaar deur die twee bereik is, was die opening van die trapkarbaan. Christo is voorsitter van die trapkarklub en Danie het die reklame behartig. Dit was 'n projek van R20 000 wat in twee jare deurgevoer is. Dit is 'n projek wat baie betekenis inhou vir trapkar op die Puk.

Christo en Danie staan bekend as die Dawid en Jonathan van Puksport en het bewys dat baie bereik kan word deur spanwerk.

# Sportmanne bekroon vir harde werk deur jaar

— Lynette Pretorius —

**Piet Goossen is op die jaarlikse sportdinee aangewys as die Sportman van die jaar en Leonie Smit as Sportvrou van die jaar.**

Piet is aangewys as Sportman van die jaar nadat hy die hele seisoen meer as 60 meter met skyfwerp behaal het en die jaar ingesluit is in die Springbokatletiekspan. Leonie het vroeër vanjaar tydens 'n byeenkoms op Potchefstroom die Afrikarekord in die 400 m hekkies opgestel.

Tydens die geleentheid is ook twee Springboktoekennings gemaak. Dié toekennings is gemaak aan Piet Goosen en Okkie Oosthuysen. Okkie is 'n oud-Pukstudent en kon nie die onthaal bywoon nie.

Prof. Claassen was geleentheidspreker en het die Springbokrugbytoer bespreek asook die moeilike omstandighede waaronder dit plaasgevind het. Hy ontvang 'n spesiale toekenning van die Standardbank. Prof. Claassen kan beskou word as die grootste ambassadeur van die Puk op die gebied van sport.

Daar is ook ere-toekennings gemaak aan Prof. Gert Scholtz, Prof. Wynand Putter en Prof. Peet Schutte van die rugbyklub. Dié persone het op provinsiale en nasionale vlak baie vir sport gedoen en sodoende die Puk se naam uitgedra.

Mnr. Jos Sirakis het ook 'n spesiale Standardbank toekenning ontvang. Hy is vanjaar verkies as afrigter van die Springbok-atletiekspan.



*● Piet Goosen is op die Puk Sportdinee aangewys as Sportman van die jaar en Leonie Smit as Sportvrou van die jaar. Mnr. Jos Sirakis het 'n spesiale Standardbanktoekenning ontvang.*



*● Danie Malan en Christo Scholtz deel die toekenning vir die student wat die meeste vir Puksport gedoen het in 1981. Hulle ontvang die toekenning op die Puk-Sportdinee.*

# *Puk-rugby dra Wes-Transvaal*

— Johan Victor —

**TYDENS die Pukke se rugbydinee Donderdagaand was dit duidelik dat die Puk die stukrag van al die Wes-Transvaalse senior spanne en ligas is.**

Die klub het vanjaar die Piet Bosman-beker van die Wes-Transvaalse rugbyunie ontvang as die beste klub in Wes-Transvaal. Die span het deurgaans van die meeste spelers, gewoonlik tien, vir die Wes-Transvaalse span gelewer. Hulle het normaal tussen twaalf en veertien spelers vir die Wes-Transvaalse o.20 span gelewer.

Verskeie spelers is tydens die dinee vereer vir hulle spel deur die jaar. André Markgraaff het erekleure ontvang vir die 58 wedstryde wat hy reeds vir Wes-Transvaal op die veld gedraf het. J. P. Geldenhuys het die Johan Claassen-wisseltrofee ontvang vir die beste senior speler van die jaar en Gert Smal het 'n toekenning ontvang as die speler wat die beste yordering deur die jaar gemaak het. Don Berry het die Gerald Bosch-wisseltrofee ontvang as die beste o.20-speler van die jaar.

Die Puk se o.20-rugbyspan het die Piet Malan-wisseltrofee ontvang vir die span wat die beste en aanskoulikste rugby deur die seisoen gespeel het.

Die beste Wes-Transvaalse rugbyspeler van die jaar en die beste o.20-speler van die WTRU was twee Pukke, naamlik Wessel van der Merwe en Don Berry onderskeidelik.

# Krieketseisoen begin op hoë noot

**Die Puk se eerste krieketspan het Saterdag die seisoen op 'n hoë noot begin toe hulle die span van Strathvaal in die eerste beurt geklop het.**

Nadat die Pukke die vorige Saterdag 195 lopies behaal het, het Strathvaal Saterdag begin kolf met 30 lopies vir twee. Pierre Schmidt het Strathvaal gou in die moeilikheid gehad met goeie boulwerk. Hy vat 5 paaltjies vir 45 lopies. Strathvaal was almal uit vir 159 lopies.

Puk vaar nie baie goed in hul tweede beurt nie en met uitskeityd was die telling 64 lopies vir 4.

Die bonuspuntverdeling was: Puk 6,59 en Strathvaal 4,39.

Die Puk se eerstespan wat Saterdag teen Vaal Reefs speel is: Alphons Meyer, Paul van Heerden, Alex Kok, Thinus Els (kaptein), Willem Brummer, Pierre Schmidt, Adriaan Bosch, Jan Heysteck, Nic Louw, Frikkie Taute en George Moorcraft.

## Leeus

Die Leeus, Puk 2, is in hul eerste beurt teen Vaal Reefs 2 almal uitgehaal vir 104 lopies. Vaal Reefs het Saterdag in hul eerste beurt 254 lopies aangeteken vir 5 paaltjies.

In hul tweede beurt het die Leeus net-net 'n nederlaag op die dubbelbeurt afgeweer deur 102 vir 8 met uitskeityd aan te teken.

Die Puk se tweede span wat Saterdag sal speel is: D. Barnard (kaptein), W. Venter, W. Coetzee, J. Hanekom, I. Nel, H. Coetzee, M. Darr, F. van Heerden, L. van Pletzen, J. du Plessis en B. Huysamen.

'n Wes-Transvaal A seniorspan speel Vrydag, 9 Oktober, teen 'n Transvaal Seuns Hoërskoolspan. Thinus Els, Allis Kok en Nic Louw is gekies vir die Wes-Transvaalspan met Willem Brummer as twaalfdeman.

'n Gekombineerde Puk-Pote span sal teen 'n skole B-span speel.

# Koshuis krieket liga

Vllagers wen Hombré in hul wedstryd met 126 lopies vir 5. Louis Swanepoel vat 8 Paaltjies vir 35 lopies vir Villagers. Hombré teken 123 lopies aan en Pieter Fourie teken 68 van Hombré se lopies aan. Barend Kirsten teken 43 lopies aan vir Villagers.

Klooster-Amajuba wen Caput met 92 lopies vir 2 paaltjies en Caput behaal 54 lopies almal uit. Johan Strydom vat 5 paaltjies vir 30 lopies vir Klooster-Amajuba en Adriaan Bosch teken 60 lopies aan.

Overs wen hul wedstryd teen Westelikes met 97 lopies vir 5 paaltjies. Westelikes is almal uitg haal vir 43 in hul eerste beurt. L. Putter teken 33 lopies aan en Andries van Dyk vat 5 paaltjies vir 25 lopies vir Overs.

Die wedstryd tussen Eagels en Dawie Dup het uitgereën.

# Judo

**Die Puk se judospan het baie goed gevaar op die Wes-Transvaal-kampioenskappe en ses lede het die span gehaal.**

Die twee Puk-dames wat in die span ingesluit is, is Karin Rautenbach en Elsa Fuchs.

Die Puk-lede wat ingesluit is in die Senior Wes-Transvaalspan is Arno Strydom, Charl Botes, Corrie Botes en Bennie Wheeler. Bennie is ook 'n Springbok.

Die Wes-Transvaalspan gaan op 9 en 10 Oktober in Johannesburg aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelneem.



*● Don Berry ontvang die Dr. Tom Kleynhans-wisseltrofee namens sy koshuis, Over de Voor, vir die koshuis wat die meeste spelers aan Puk senior spanne afgestaan het. Berry en ook die Gerald Bosch-wisseltrofeë ontvang vir die beste o/20-rugbyspeler van die jaar. Mev. Susan Schutte het die oorhandiging gedoen tydens die Puk-rugbydinee. (Foto: Johan Victor).*